

PEKANNENUTPRODUKSIE

Inligting verskaf deur



PEKANNEUTPRODUKSIE

Geborg Deur:

Pecan Pro Nursery

ARBOR SUPPLY

PEKANNEUTPRODUKSIE

Plant metodes by pekanneute
in praktyk

1. Berei plantgat voor met minimum grootte van 600mm x 400 mm by 900mm diep.
2. Steek kepe in wand van gat om wortel verspreiding te bevorder.



3. Plaas boom in plantgat met wit merk gelyk met grondoppervlak. (Wit merk is anduiding van plantdiepte.)



4. Gooi plantgat toe terwyl water en kunsmis bygevoeg word.
5. Kunsmis 1-2 kg Atlas Ghwamis-Phos.
6. Water 20-30 lt.
Afhangende van plantgat grootte.



7. Grond in plantgat sak na eerste besproeiing en moet direk daarna opgevul word om te verhoed dat plantwortels onder wit merk aan sonlig bloot gestel word en uitdroog.



PEKANNEUTPRODUKSIE

Ent metodes by pekanneute in
praktyk


Inligting verskaf deur



PEKANNEUTPRODUKSIE

Vierflap Enting - *Oktober*

1. Sorg dat enthout dieselfde deursnee het as onderstok waarop vier-flap enting gedaan gaan word.



2. Sny die onderstam af.



3. Plaas rekkie oor
onderstam as
hulpmiddel.



4. Maak kruis snit van ± 5 mm diep op die bopunt van onderstam.



5. Lig die bas en skeur tot die verlangde Lengte. (60-70 mm) Sny dan hout van onderstok uit.



6. Sny die bas waar flappe gaan heg versigtig aan vier kante van enthout weg.



7. Plaas die enthout in posisie en skuif rekkie op sodat dit die flappe en onder stok in posisie hou.



8. Draai enthout en
flappe stewig met
entlint vas.



9. Verwyder rekkie.



10. Plaas entlint oor punt
van enthout en draai die
res van die enthout met
parafilm toe om vog
verlies van enthout te
voorkom.



11. Trek plastiek sakkie oor die hele entlas en knoop sakkie om tak vas om 'n kweekhuis omgewing om die entlas te skep.



PEKANNEUTPRODUKSIE

Bas-enting - *Oktober*



1. Saag onderstam af op die hoogte waar enting gedaan gaan word en rasper ergste bas van onderstam weg.



2. Knip enthout lank genoeg sodat daar na enting ± 3 ogies bo entlas uitsteek.



3. Saag 'n dwars keep in enthout ± 60 mm en sny 'n plat vlak vanaf die keep tot by put van enthout.

4. Merk die wydte van
enthout af op onderstam.



5. Sny op die merke deur
bas en lig die bas op.



6. Sny punt van enthout skerp sodat dit 'n beitel-punt vorm.



7. Plaas die beitel-punt van enthout in posisie en tik enthout tot die trappie gelyk is met die bokant is van onderstam.



8. Kap die bas en enthout met twee koplose spykers vas. Afhangende van die dikte van onderstam kan hierdie aksie per stam tot vier keer herhaal word.



9. Draai entlas vas
met breë entlint of breë
plastiek strook.



10. Plaas entlint bo-oor
punt van enthout.



11. Draai enthout toe
met parafilm vir voorkoming
van vogverlies.



12. Plaas aluminium foelie met blink kant na buite oor totale enting.



13. Plaas plastieksakkie bo-
oor entlas om kweekhuis
omgewing te skep en
draai opening met
kleefband vas .



PEKANNEUTPRODUKSIE

Ring Okulering - *Februarie Maand*



Gereedskap wat benodig word

- Snoeiskêr
- Ringeleer messe 25mm vir saailing & 26mm vir enthout
- Entlint



Kies geskikte loot van saailing waarop okulering
gedoen kan word.



1. Sorg dat enthout waarvan die ogie geoes gaan word naasteby dieselfde deursnee het as onderstok waarop enting gedoen gaan word.



1. Ringeleer enthout en sny aan die teenoor gestelde kant van ogie oop.
2. Verwyder ogie van entloot.



1. Ringeleer twee derdes van saaling tussen ogies.
2. Laat flappie aan regterkant om okuleer ogie onderin te skuif.



1. Sny okuleer ogie een derde kleiner.



- Skuif okuleerog onder flappie in.
- Verseker dat daar geen openinge aan linker kant en bokant van okuleerog is nie.



- Draai geokuleerde ogie vas met entlint.
- Verseker dat ogie oop is

7. Maak toe met aluminium
foelie of goiingsak
gedurende winter om ogie
te beskerm.

NB Verwyder na winter met
eerste bot.



PEKANNEUTPRODUKSIE

Bestuiwing by Pekanneute

Inligting verskaf deur





TIPES PEKANNEUTBOME

Tipe 1

Stuifmeel storting vind plaas voor vroulike blomme ontvanklik is.

Tipe 2
Vroulike blomme
ontvanklik voor
stuifmeelstorting
plaasvind.



Ontwikkeling Van Stuifmeel
Stringe Tot Met Stuifmeel
Storting.



Ontwikkeling van vroulike
blomme tot bestuiwing.



Bestuwing en neut
ontwikkeling.



*Die doel van navorsing oor die bestuiwing van
Pekanneute is om die kultivars te vind wat
mekaar aanvullend bestuif om sodoende
maksimum produksie te behaal.*

*Hierdie navorsing behoort in elke streek gedoen te
word, aangesien klimaat verskille die resultate
affekteer.*

PEKANNEUTPRODUKSIE

Borge

Pecan Pro Nursery

Heiko W. Meier

Tel: 017 821 0990 – Fax: 017 821 0998

Sel: 082 553 7831 – Office 083 282 5301

E-mail: pecanpro@cybertrade.co.za
heiko@meier.co.za

PEKANNEUTPRODUKSIE

ARBOR SUPPLY



Die inligting op hierdie CD bly die
“intellektuele eiendom”
van Wollie Burger & Johan Coetzee

Fotografie & Redigering: *Wollie Burger*
Inligting en demonstrasie: *Johan Coetzee*

Johan Coetzee Sel: 082 577 4981
E-pos: johan@pekan.co.za

Wollie Burger Sel: 083 303 7762
E-pos: wollieburgr@lantic.net

PEKANNENUTPRODUKSIE

Inligting verskaf deur

